

9
2026
October

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Gans Berg

Nuus/News

324
Edition

'n Handvol Verlies

School of Skills

Pienk rolbaldag

'Jig!' of 'Who!'

Galjoenkompetisie

Pienk hare en brulende motorfietse vir 'n goeie doel

Wanneer 'n hele swerm motorfietse van die Dogs of War by Gansbaai-hawe saamtrek, weet jy daar gaan behoorlik aksie wees - maar Saterdag, 3 Oktober 2026, was dit boonop 'n pienk affêre, met gekleurde hare en baarde, 'n reuse pienk vragmotor en fondse wat vir kanker ingesamel is. Opriedek Pub & Mama Mia Pizzeria by Gansbaai-hawe is bekend daarvoor dat hulle gereeld fondsinsamelingsdae ten bate van kanker aanbied, en Saterdag se byeenkoms was geen uitsondering nie.

Die motorfietse en gaste se hare en baarde is weer in 'n verskeidenheid kleure gekleur. 'n Gesellige atmosfeer het geheers en daar is somer lekker saamgekuier - maar moenie te lank op een plek bly staan nie: die flinke dames het jou vinnig met die kleurkwaste bygedam!

Nog 'n verrassing was die teenwoordigheid van Jaco Ka'laari (Liebenberg), beter bekend as die "kaalvoetklong van die Kalahari". Hy het boonop 'n groot pienk vragmotor gereël om deel van die fondsinsamelingspoging te wees. "Ek het 'n foto van die pienk vragmotor van Swellendam Dabner Transport op Facebook geplaas," het Jaco die *Gans-Berg Nuus* meegedeel. "Dit is ou kennis van my en toe hulle die foto sien, het hulle my laat weet hulle stuur die vragmotor hierheen."

Die doel van die pienk vragmotor, genaamd *I Love Boobies*



Gesellige samesyn, met Jaco Ka'laari (Liebenberg), alias die 'Kaalvoetklong van die Kalahari', regs.

Charity, is om fondse vir kanker in te samel. "Ons het vanaf Uilenkraalsmond deur al die areas tot hier gery en 'n hele R5 400 is ingesamel," vertel Jaco. "Vir R100 kon jy jou naam op die vragmotor skryf." Swellendam Dabner Transport se pienk vragmotor gaan landwyd rondry om fondse in te samel en keer eers teen November weer terug.



Fred de Pauw spog met sy pienk dames.



Van pienk hare tot 'n pienk vragmotor: *I Love Boobies* Charity.

Intussen het Jaco ook sy eie kiosk oopgemaak in Lindie Conradie se Biltongwinkel, Myland, langs Mustang Sally in Dirkie Uysstraat. Lindie bedryf die kiosk terwyl Jaco op die pad is om fondse vir liefdadigheid in te samel. Die pret tydens Saterdag se fondsinsameling het tot laataand geduur, met die motorfietse en gaste wat die kuier terdeë geniet het - alles vir 'n goeie doel.

Hardus Botha



NHBRC NO: 3000265163

TMS BOUERS

Manny 082 675 8410



admin@tmsbouers.co.za

REG NO: 1999/031335/23



Waar Kliënte
Vriende word

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.



Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 484 3619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za

MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282



MICHELLE VAN ZYL
OWNER / ADVERTISING
MICHELLE@GANSBERG.CO.ZA / 078 010 8288



MELISSA VAN ROOYEN
GRAPHIC DESIGNER / DESIGN@GANSBERG.CO.ZA
EDITORIAL CONTENT / INFO@GANSBERG.CO.ZA



HARDUS BOTHA
JOURNALIST
INFO@GANSBERG.CO.ZA / 082 766 0484



TRACY HULME
ADMIN ASSISTANT
TRACY@GANSBERG.CO.ZA / 076 672 6282



JANINE WILLIAMS
ADVERT REPRESENTATIVE
JANINE@GANSBERG.CO.ZA / 072 931 1431



ERIKA SCHREPPERS
ADVERT REPRESENTATIVE
ERIKA@GANSBERG.CO.ZA / 072 489 0733

Twêe basaars - twee dae uitmekaar

Liewer laat as nooit! Aan die einde van September 2026 was daar somer twee basaars, net 'n dag uitmekaar - dié van Herberg aan See en die VGK-gemeente in Blompark. Soos jaarliks die geval is, was albei weer groot suksesse, met meer as genoeg om te eet, te drink, te doen én om gesellig saam te kuier.

Die Goue Hande het weer hard gewerk aan die gewilde


basaarpoedings - want wat is 'n basaar nou sonder basaarpoeding? Daar was groot koeke, klein koekies, pasteie, vleis, 'n verskeidenheid potjiekosse, die gewilde Olifanttafel met sy winskopies, musiek, kinderpret en nog veel meer. Kortom, beslis iets vir almal!

Hardus Botha





Website Link



TikTok



GANSBERGNEWS



Facebook Link



028 205 0100



066 225 4280



info@gansberg.co.za

Borskankermaand - 'n Handvol Verlies

"Kanker kies sy slagoffers ongeag aansien of kennis - selfs my mediese agtergrond kon my nie daarvan laat vryspring nie," sê Ina Vorster, skrywer van *'n Handvol Verlies - 'n Lewe met Borskanker* - uitgewer: Naledi.

Borskankermaand gedurende Oktober is jaarliks 'n bedrywige maand met vele sinvolle aanbiedinge - alles met die doel om bewusmaking te bevorder en te beklemtoon dat borskanker nie noodwendig die einde beteken nie.

Ina se aangrypende nuwe boek gee 'n eerlike stem aan die lewe ná 'n borskankerdiagnose - wat gebeur wanneer jy alles doen wat van jou verwag word om kanker vroeg op te spoor - en dit steeds te laat ontdek word?" Vir Ina was dit die werklikheid. Sy was 48, 'n voltydse narkotiseur en enkelma met kinders wat nog op laerskool was, toe sy met gevorderde borskanker gediagnoseer is.

As mediese dokter het sy jare lank ander aangemoedig om jaarliks vir 'n mammogram te gaan, terwyl sy self getrou haar eie ondersoek ondergaan het - maar haar kanker is aanvanklik misgekyk. Haar onkoloog het haar geen valse hoop gegee nie: haar kans om vyf jaar te oorleef was skraal. Indien chemoterapie en bestraling nie suksesvol sou wees nie, sou palliatiewe sorg waarskynlik haar voorland wees.


Byna twintig jaar later het Ina haar intense en persoonlike ervaring in 'n boek vasgevang - ervaringe wat sy self destyds desperaat nodig gehad het. Dit is die verhaal van iemand wat self deur die ervaring is - geskryf vir mense wat met borskanker saamleef én vir die mense wat langs hulle staan - 'n eerlike blik



Ina Vorster, skrywer van *'n Handvol Verlies - 'n Lewe met Borskanker*.

op wat dit beteken om met borskanker saam te leef. Met 'n afwisseling van humor en erns skryf Ina oor 'n ervaring wat diep persoonlik is, maar terselfdertyd herkenbaar sal wees vir talle mense wat deur kanker geraak word.

Die boek het ontstaan uit Ina se MA-verhandeling in kreatiewe skryfkuns (Afrikaans) aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar werk is deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns erken toe sy die Marius Joosteprys ontvang het vir die beste MA-verhandeling in die Departement Afrikaans deur 'n student wat 'n graad aan die betrokke universiteit voltooi het.



Met Oktober as Borskankermaand plaas hierdie boek 'n belangrike gesprek op die tafel: kanker is nie bloot 'n

mediese diagnose nie - dit verander die lewe van die persoon wat dit kry, sowel as dié van hul familie en geliefdes. In die boek bring sy 'n besondere perspektief na die gesprek oor kanker: dié van 'n mediese dokter wat self 'n pasiënt geword het. Ina se verhaal herinner lesers daaraan dat agter elke diagnose 'n menslike verhaal lê - met vrees, onsekerheid, verlies, hoop en soms selfs humor. Vir verdere inligting, kontak gerus vir Tertia Swart by 078 648 8616, of stuur gerus 'n e-pos aan haar by tertia@naledi.co.za. Die webtuiste vir bestellings is <https://naledi.co.za/product/n-handvol-verlies/>

Hardus Botha

Be Part of our December Holiday Guide

Book your advert space!

Contact us

Janine: 072 931 1431

Erika: 072 499 5211

Michelle: 078 010 8286

Prag LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET, HERMANUS
083 660 9115

GUTHRIE & THERON
PROKUREURS

DIENTE
GRATIS TESTAMENTE

Oordragte, Boedels & Kontrakte

✓ Ervare prokureurs

✓ Persoonlike benadering

contact@gtlaw.co.za

Kontak ons

Gansbaai: 028 384 0100

Caledon: 028 212 1060

Overberg Scaffold & Machine Hire



Verhuring van alle boutoerusting:

Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)

Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)

Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.

Industriële Sirkel, Industriële Area Gansbaai

Tel/Faks: 028 384 0189

Fanie Bothma

Sel: 083 296 2676

Botrivier works towards School of Skills



"For the past three years, *Overberg Our Community Our Future NPC* (OOCOF), a team of some 14 residents and associates of Botrivier, has been quietly working to realise a vision - to bring quality skills education to Botrivier and give graduates of Overberg primary schools the opportunity to choose between an academic or skills-based pathway during their high school years," says Rachel Browne, OOCOF's secretary.

OOCOF will be seeking funding to build a school that will cater for 240 learners over four years of training and the school will be an independent, low-fee school. "We have identified land below the soon-to-be-developed TWK housing site, below New New France," Rachel continued. "The plan is to build a school on the land." She said a portion of the existing property would have to be rezoned for educational purposes and that an environmental assessment would need to be carried out.

OOCOF is being supported by an education development trust,



the Jakes Gerwel Education Trust from Bonnievale, to put the building blocks in place that will accelerate the process of establishing a skills school in the village. As OOCOF works to realise its vision and build a solid foundation for the proposed Botrivier School of Skills, an interim training programme is already underway. Operating from a workshop on the plain behind Astra Garage, 12-week training cycles have been planned for candidates who are no longer at school. OOCOF is offering training to young adults between the ages of 17 and 24 who are ready to commit to an introductory learning phase - Workman's Assistant training - aimed at igniting a desire to pursue a future founded on solid skills education. Each training cycle will accommodate 10 trainees.

"Botrivier is blessed with many talented residents," Rachel said. "We are proud to introduce Frik Jacobs and Andie Coetzee, who are our facilitators getting the programme off the ground." Frik has extensive experience as a skills trainer in Richards Bay, while Andie has extensive experience at the education department's district office. Together, Andie and Frik are guiding the trainees.



At the conclusion of the training, OOCOF will provide each candidate who successfully completes the programme with a 'Testament of Attendance', detailing the areas of learning and aptitude. Although this Testament will not be linked to official certification, it will

nevertheless be underwritten by the seriousness and integrity that OOCOF brings to the programme. For more information about the programme, contact Manie Carelse on 082 420 4343 or email ooconf@outlook.com. Donations are welcome and Ebrahim Khan can be contacted on 083 259 7425.

Hardus Botha



The Beach House Hub

Residential, Commercial & Corporate Fencing
072 787 5486 / admin@thebeachhousehub.com

Wide range of options available:

Clearview & Betafence
Palisade & Ornamental Fence
Vibracrete & PVC Fence
Weldemesh & Diamondmesh
Field Fence & Farm Fence
Gates & Gate Automation
Fire Boma's & Braai's out/indoors
Patio's & Pargola's
Catio's & Modern Pet Cages



xplorio
Search & Enjoy

*Because good fences make
great neighbours!!*

Kamba Fences

Farm, Ornamental & Residential Fencing
082 411 9969 / sales.kamba@gmail.com



*There is only
one name to remember*

NASHCA
FUNERALS

Authorized Financial Service Provider FSP 53883

**Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones**

64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus

028 316 1659

57 Main Road, Kleinmond

028 271 4971

Bothma Centre, 57 Main Road, Gansbaai

028 384 0251

7 Queen Victoria Street, Stanford

028 34 101 34

082 322 0874

These are the Green Steward teams of independent contractors who do the hard manual conservation work of clearing invasive plants from the landscape in areas of greatest biodiversity. They visited the Chelsea Flower Show in Stanford so that they, too, could experience the extravaganza of fynbos. They loved the visit and recognised themselves and their work, which is part of this year's showcase, highlighting the importance of their impact.



UNDER THE MICROSCOPE



Must love ants

Paramixogaster acantholepidis is a rare species of hoverfly with an interesting reproductive strategy.

Expecting moms lay their eggs in the nests of *Lepisiota capensis* (the Small Black Sugar Ant) where the hatched larvae will live and grow. This kind of strong association with ants is called myrmecophily which means "love of ants". Adults visit flowers to drink nectar and eat pollen, making them important pollinators as they move pollen between flowers.



Brought to you by Grootbos Foundation

Flukse jeuglede van die Gansbaai NG-gemeente het Vrydag, 2 Oktober 2026, die uitdaging aanvaar om die pannekoektafels tydens die Vrydagmark vir eie fondse te beman. Ons 'jong leraars' en tannie Ilse Kloppers het ook gehelp. Dit was 'n baie besige dag, met baie vakansiegangers wat daar ingeloer het, maar ons jeug het glimlaggend vasgebyt. Regs af in die ry is Ilse Kloppers, ds Rudiger van Huyssteen, Michelle Burger (Rudiger se verloofde) en ds Hanri Joubert. 'n Knoop in die oor kan nou reeds gemaak word van die Jeugbasaar wat op Vrydag, 16 Oktober 2026, in die Pretoriussaal gehou word. Ondersteun gerus ons jeug!

Hardus Botha



Be Part of our December Holiday Guide

Book your advert space!

Contact us

Janine: 072 931 1431

Erika: 072 499 5211

Michelle: 078 010 8286



GETYE / TIDES

GANSBAAI & SURROUNDS 2027

Be part of our 2027 Tides Booklet

Book your advert

Contact us:

Janine: 072 931 1431

Erika: 072 499 5211

Michelle: 078 010 8286

ROLL ON TURF

INSTANT LAWNS. LASTING BEAUTY.



PREMIUM KIKUYU
Hard wearing, lush and beautiful all year round!



INSTANT RESULTS
Get a thick, green lawn in no time!



QUALITY & RELIABLE
Fresh, healthy turf you can trust



SOFT UNDERFOOT
Drought tolerant & low maintenance



IRRIGATION INSTALLATIONS

SMART WATERING. HEALTHY GARDENS.



EFFICIENT SYSTEMS
Water wise solutions that save water & money



EXPERT INSTALLATION
Professional design & installation for perfect coverage



RELIABLE & DURABLE
Quality products built to last



HEALTHY GARDENS
Consistent watering for greener, healthier plants

ONE COMPANY.
COMPLETE SOLUTIONS.

Quality you can trust.

NEW LAWNS • LANDSCAPING • IRRIGATION SYSTEMS • MAINTENANCE



072 88 77 560



lgsoverberg@outlook.com



OVERBERG AREA
SERVING HOMES & BUSINESSES

Quality turf. Beautiful results. Smart irrigation. Greener tomorrow.

Grootbos' fynbos blooms at Eden Project in UK

"One of the Grootbos Foundation's longest-standing relationships is with the Eden Project in the UK, and it has now blossomed into a spectacular new event celebrating fynbos," says Phillipa Murray of the Grootbos team.

"The Grootbos Florilegium has grown wings and has been installed on large outdoor signs in the Mediterranean Biome at Eden. This is the same biome that Sean Privett originally helped to establish by planting fynbos, and it is also the place that Rebecca and our Green Futures students have visited over the years."

The Grootbos Florilegium artwork has now become part of the British visitor experience - what a great honour for Grootbos near Gansbaai, as well as for South Africa. "We hope it inspires and impresses visitors to the Eden Project as much as it inspires us, who have the privilege of living among it here in South Africa," Phillipa concluded.

(Pictures: Grootbos Foundation)

Hardus Botha



Western Cape biodiversity under growing pressure

The Western Cape's biodiversity is facing mounting pressure, with a sharp increase in the area affected by fires and more ecosystems and species classified as threatened, according to the *Western Cape State of Conservation Report 2026*. The report records 107 fires that burned 215 936 hectares during the 2025/26 reporting period - almost three times the 75 174 hectares burned by 97 fires during the previous reporting period.

The latest findings also show that 212 of the Province's 346 assessed ecosystem types are now classified as threatened, compared with 191 of 350 during the previous reporting period. This change reflects both a technical correction resulting from the updated 2025 National Biodiversity Assessment and continued pressures on ecosystems. Freshwater ecosystems remain particularly vulnerable, with 79 of 96 freshwater ecosystem types classified as threatened. The number of threatened estuarine ecosystems also increased from 44 to 45 of the 54 assessed. The report further highlights increasing pressure on plant and animal species. Approximately 2 006 plant taxa are now classified as threatened, compared with 1 939 during the previous reporting period. Waterbirds are also emerging as a significant concern, with 23 species moving into poorer conservation categories, highlighting increasing pressure on wetlands and freshwater systems.

Western Cape Provincial Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, Anton Bredell, said the report provides an important evidence base for understanding where conservation efforts are most urgently needed. Despite these pressures, the report also records significant conservation gains. More than 44 000 hectares were added to the Western Cape protected-area estate during 2025/26, with 25 new nature reserves declared. The Province also continues to demonstrate the importance of biodiversity science, recording 10 744 plant taxa. Two new taxa were described during the reporting period, while two species were



rediscovered. CapeNature Executive Director: Biodiversity Capabilities, Coral Birss, said the report highlights the need to match conservation gains with action to address the pressures facing ecosystems. The evidence in this report helps guide and prioritise where our efforts need to be focused.

Freshwater fish, sharks, mammals, reptiles and endemic invertebrates remain among the species groups facing significant conservation challenges. The findings emphasise the importance of continued investment in biodiversity monitoring, ecological restoration, protected areas, fire management and partnerships to conserve the Western Cape's biodiversity and environment.

(Article shortened: Hardus Botha)

CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn

'Waar die as gloei, sal die blomme bloei' - Elim Blommefees

Die Elim Blommefees, met die temas '*Waar die as gloei, sal die blomme bloei*' en '*Uit die as groei nuwe lewe*', is op Saterdag, 3 Oktober 2026, op die kerkterrein in Elim aangebied. Die temas verwys natuurlik na die verwoestende veldbrande vroeër vanjaar. Dit was behoorlik bedrywig, met een van die vele hoogtepunte die alombekende Morawiese Basuinkoor se *An Hour of Music*.

Die dag het 'n magdom pret en opwindende aktiwiteite gebied: die blommesaal, natuuruitstallings, talentkompetisie, trompoppies, brigades, Spiritual Dancers, braaivleis,

worsrolletjies, gebakte snoek, plaaslike musiektalente, bonsai-boompies, vermaak vir die hele gesin, meer as genoeg te ete en te drinke, talle stalletjies en nog veel meer. Dit was duidelik dat baie moeite gedoen is en dat die fees harde werk geveer het – maar dit was sonder twyfel die moeite werd. Gelukwense aan die organiseerders met 'n besonder geslaagde fees!
(Foto's: Anita Botha)

Hardus Botha



Marne Lubbe se rekord-steenbras van 13.8kg

“Dit was eerlikwaar die mees EPIC-oomblik sedert ek in die Overstrand se waters hengel,” vertel Marne Lubbe van Uilenkraalsmond oor die yslike steenbras wat sy op 19 September 2026 gevang het. “Die Suidooster waai nou al 'n paar dae lank kwaai, met snelhede van meer as 40 km/h, maar vanoggend het ek 'n geleentheid raakgesien en dit benut.”

Marne vertel sy het haar 'gooi' gemaak met haar 14-voet Elbe en Adrenalin Black Surf 8000-katrol. Ná 'n paar spannende oomblikke is die vis veilig uitgetrek - 'n steenbras van 110cm met 'n gewig van 13,8kg, wat ook haar persoonlike rekord is – baie geluk aan Marne met hierdie pragtige vangs!

Hardus Botha



Breast Cancer Awareness Page

Gans-Berg
Xbuis / Xbuis

Office: 028 205 0100

Proudly Supporting
Breast Cancer Awareness

ALU ETC.
ALUMINIUM • GLASS • WOOD WORKS

Where quality is so much more!
Michelle: 078 010 8286

Proudly Supporting
Breast Cancer Awareness

KLEINBAAI ONE-STOP
PETROL | LIQUOR STORE | SUPERETTE | GAS 8 TILL LATE

Tel: 028 384 0340

Proudly Supporting
Breast Cancer Awareness

PET FOOD EXPRESS
FOR ALL YOUR PET'S NEEDS

Hermanus: 066 192 2415

Proudly Supporting
Breast Cancer Awareness

GREAT WHITE HOUSE
RESTAURANT • SHOP • ACCOMMODATION

072 657 3012

Proudly Supporting
Breast Cancer Awareness

DE JAGERS
Since 1955
Gansbaai

Proudly Supporting
Breast Cancer Awareness

PET FOOD EXPRESS
FOR ALL YOUR PET'S NEEDS

Gansbaai: 060 830 4272

Proudly Supporting
Breast Cancer Awareness

Office
National

Contact us to order your
Personalised Rubber Stamps.
We offer an on-site service



028 313 0003

22 Arum Street, Industrial Area,
Hermanus 7200

hermanus@officenational.co.za

www.hermanusofficenational.co.za

Gansbaai Gholfklub: Gesellige Beeskraal Ope Gholfdag



Beeskraal Ope Gholfdag.

Ja-nee, dit was weer tyd vir Bev Swart se jaarlikse Beeskraal Ope Gholfdag wat deur hom geborg word - en toe eindig hy nogal eerste onder die Osse - en toe wen hy sommer ook Woensdag, 30 September 2026 se Enkel Stableford Sloegters ook - knapgedaan Bev!

Woensdag, 30 September:

Bev Swart wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 40 punte, gevolg deur Rene Myburgh 39, Peet Pretorius 38, Leon Lombaard 38, Dirk van Dyk 37, Cobus Dippenaar 36, Anton Jordaan 36, Nico Jones 35, Jacques Louw 34 en Andrew Dalgleish 32.

Naaste aan pen no 7 (geel): Dirk van Dyk.



Bev Swart (borg).



Koos Myburgh.



Rene Myburgh.

Vrydag, 2 Oktober:

Koos Myburgh wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 22 punte, gevolg deur Neil Harrison 17, John Smith 17, Pieter Uys 17, Owen Huxham 17, Hugo Groenewald 17, Lionel Kemm 16, Sakkie van der Merwe 16, Jacques Louw 15, Lionel Kemm 16 en Sakkie van der Merwe 15, Jacques Louw 15 en Jacobus Bothma 15.

Saterdag, 3 Oktober:

Dit was die Beeskraal Ope Gholfdag wat deur Bev Swart geborg word. Die wenners was die Tollies met 30.13, gevolg deur die Bulle 30.05, Osse 29.36 en die Koeitjies 29.33.

Die wenners van die verskillende afdelings was soos volg:

Tollies: Andries Coetzee 37, Melvin Tobias 34, B Seboga 33 en Jason Dorrofield 31; **Bulle:** Stephan Jackson 42, Theunis van Schoor 39, Pieter Smal 38 en Lionel Kemm 38; **Osse:** Bev Swart 39, Johan Coetzee 36, Philip Taylor 36 en Johan Pieterse 35; **Koeitjies:** Rene Myburgh 33, Gurnicka Greenwood 28 en Monica Theron 27.

Naaste aan pen no 2 (geel): Deon Momberg; Langse Dryf no 9 (rooi): Matthews Greenwood; Langste Dryf no 9 (Geel): Corrie Avenant; Langste set no 18: Neil Harrison.

Die komitee en lede bedank Bev vir die baie suksesvolle borgdag en pragtige vleispryse. Ons dank ook aan die baanspan vir hulle goeie werk.

Saterdag, 10 Oktober:

Maandelikse Houespel.

Verjaarsdae:

Volker Shorp (11de), Hannes Linde (13de), Dorothea Shorp (14de), Christo Spanellis (15de), Cobus Dippenaar (16de) en Stephan Brown (16de).

Groete,

Johan Coetzee 082 878 0534

Skaapkopete - Wie kyk en wie eet

Te oordeel aan verskeie opmerkings tydens die NG-gemeente se skaapkopete, was dit beslis 'Jig!' vir sommiges en 'Wow!' vir ander! Nietemin was dit 'n gesellige en lekker saamkuiergeleentheid op Saterdag, 3 Oktober 2026, in die Pretoriussaal, met heelparty wat hul etes as wegneemetes (woefkardoes!) bespreek het. Ds Hanri Joubert, met sy oë weggedraai van die skaapkoppe, het die tafelgebed gedoen. Sy medeleraar, ds Rudiger van Huyssteen, het verkies om nie eers in die omgewing van die skaapkoppe te wees nie!



Entrepreneurs se projekte, onder leiding van Fanie Bothma, met Morné van Deventer as projekteier, saam met sy gedugte span wat hard gewerk het. Daar was 'n keuse tussen 'n skaapkop (vir die manne én vroue), 'n yslike eisbein en 'n heel hoender, waarby heerlike slaaië ingesluit was. Ondanks die oor-en-weerspottery oor skaapkop eet of nie, was dit 'n gesellige saamkuierete. Gelukwense aan die span wat so hard gewerk het om die geleentheid moontlik te maak!

Hardus Botha

Die ete was nog een van Bediening



CLASSIFIEDS

BUY • SELL • FIND • JOBS • SERVICES

028 205 0100



VIBRACRETE MURE Gansbaai Precast

* Vervangings
en Verhogings

* 1.8m Nuwe Mure
teen R730 per meter

* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal

(Prys net vir Gansbaai Area)

Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

Te Koop

'Off Cuts' word gebruik vir
tuinpaadjies, beddings, onder
die wasgoedlyn en paadjie na
jou heining om met buurman
te gesels. 028 384 0480



Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM



new for old
we open windows for you
Average home
completed in one day

Jayson Hitge
082 413 3301

info@
anglowindows.co.za

WINDOWS,
FOLDING DOORS,
STOEP ENCLOSURES,
SLIDING DOORS, ECT

CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke

* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heining

Jannie Cronje cncstaal@gmail.co.za
082 371 7283



Website Link



@7806



GANSBERGNEWS



ALCOHOLICS
ANONYMOUS

THERE IS HELP...

DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?

EVERY WEDNESDAY @ 19:00

GANSBAAI FAMILY CHURCH,
BUITEKANT STREET

060 597 5419
078 307 7783

Contact us to Advertise: Janine:072 931 1431 / janine@gansberg.co.za

**Put your
advert here**

**I COLLECT
ANY BROKEN
ELECTRICAL EQUIPMENT**

TO RECYCLE
CONTACT ARNOLD
071 293 0723

JESUS CHRISTUS
IS DIE ANTWOORD
OP GEBEDE

NEED PRAYER?
WHATAPP YOUR PRAYER REQUEST TO:
071 293 0723
* CONFIDENTIAL *

WE PRAYING & ADDRESSING WITH THE HOLY SPIRIT
FOR YOUR MIRACLE. LEWE LIEFDE VREDE
GENADE GOD BLESS

Disclaimer at quackery advertisements

Gans-Berg News have not verified whether any of the services or products advertised will have the desired effect or outcome. Readers will note that some of the promised results in the advertisements are extraordinary and may be impossible to achieve. Beware some of the procedures and claims advertised may be dangerous if not executed by a qualified medical practitioner. Readers are warned that they should carefully consider and verify the advertiser's credentials. Gans-Berg News do not accept any liability whatsoever in respect of any of the services or goods advertised

Contact us to Advertise:

Erika:072 499 5211
erika@gansberg.co.za

**Have a story
YOU WANT TO SHARE:**



Hardus: 082 786 0494

Email: info2@gansberg.co.za

Technokil
State Registered Pest Control Services

- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE

Free Quotations
Riaan van Niekerk
info@technokil.co.za
082 878 7093

**FRANSKRAAL
VEHICLE SERVICING**

CONTACT AUBREY

076 651 6789

**BE PART OF OUR
Breast CANCER
FOCUS PAGE**

Brain Teasers

Z Q U M F O R E Z A R D G C K R C
 P H V S N Z F M L Z P R V D R R H
 R T P W Y O D S A G N I W B E Q I
 R G O H T S R L G K A V V K T M P
 Y O E Y A W R I A F R E O Q T L Z
 D O U J G N Q C J S K R E F U G W
 B X J G E G D E W V T D V T P N A
 O A E A H B R I D S O L I L E I A
 F O L S U A O D C C H U S B L W E
 L S R L R N E A H A S U O F T S P
 T Y C S E U D W A E P G I D D M B
 R T X E V D O W K U E Y W Y A Y P
 B I R D I E F C S Y D I V O T M H
 F G P E F J Z G H G A E C Y C Y K

BALL
 BIRDIE
 BOGEY
 CADDIE

CHIP
 CLUB
 COURSE
 DIVOT

EAGLE
 FAIRWAY
 FORE
 GREEN

HANDICAP
 IRON
 PUTTER
 ROUGH

SLICE
 STROKE
 SWING
 WEDGE


			1					
						6	9	3
3	5							
		9		6	4			
1					8			
6			9		3	5		
7		8					6	1
			4	2				8
2							7	

ANSWERS

1 L A N A R B I R O T Z K I S L U
 N E R T A N G E N T U S S C E H T
 T R A E K R T T P D U S O I G N H
 E E L E P E A Q P B Z O W R M R G
 R H U Q M O S L M E R O T C E T I
 S P C A I E L O U D R U M L N X E
 E S I A C S H S I G O I Q E T L H
 C O D A I R I N D S N B M T L D Z
 T K N A Q U A D R I L A T E R A L
 N T E J O T B I E S M F I U T G P
 F R P M E H T O P A U A W U S E U
 A J R S G E L S J E U N R P Q E R
 W D E O O I O Z E P A R T Y N E X
 Z J P V B I S E C T Y V S B P H J

5	8	4	2	9	6	1	3	7
9	1	6	7	3	5	4	2	8
2	3	7	8	1	4	9	5	6
4	2	8	9	5	1	6	7	3
1	9	5	3	6	7	2	8	4
6	7	3	4	2	8	5	9	1
3	4	1	5	8	9	7	6	2
7	5	2	6	4	3	8	1	9
8	6	9	1	7	2	3	4	5

Colour me in....



NEIGHBORHOOD Watches

AREA	CONTACT	NUMBER
Franskraal	Jaap Koen	082 442 2464
Franskraal Afriforum	Robbie Nelson	083 455 0946
Pearly Beach	Mark Boontjies	072 282 3616
Pearly Beach Oord	Fred Wesson	083 654 4616
Strandveld Plaaswag	Stephan Du Mont	082 642 7358
Kleinbaai	Maryna Basson	073 439 1979
Uilenkraalsmond	Lionel Kern	063 501 5198
Gansbaai	Hugh-Daniel Grobler	072 352 7776
Perlemoenbaai	Stuart Hayman	079 250 9081
De Kelders	Nico Groenewald	073 919 7777

LET US COMMUNITY WORK TOGETHER



Gans-Berg
028 205 0100 Community Newspaper



EMERGENCY NUMBERS

028 205 0100

Gansbaai Municipality: 028 384 8300

Overstrand Municipality: 24hour control room
028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013

Law Enforcement: 028 313 8996 / 028 313 8111

Disaster Risk Management: 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122

Fire Department: 028 313 8980 / 028 312 2400

Marine & Coastal Management: 028 313 2703

Ambulans Service Toll free number: 10177

1LifeRescue: Mark Robson - 082 414 9335
0861 13 13 11

CMC Critical Medical Care Ambulans: 028 001 0544

Gansbaai Police Station: 028 384 0201 / 10111

Cassie Carstens: 078 699 6995

IN AN EMERGENCY, EVERY SECOND COUNTS.

SAVE THESE NUMBERS. SHARE THEM. STAY SAFE.

Weather Forecast / Weer Voorspelling

Wednesday 7/10/2026	Thursday 8/10/2026	Friday 9/10/2026	Saturday 10/10/2026	Sunday 11/10/2026	Monday 12/10/2026
16°	15°	17°	20°	17°	20°
Strong Breeze 11 m/s from south 0 mm precipitation.	Fresh Breeze 8 m/s from west 0 mm precipitation.	Moderate Breeze 6 m/s from west 0.1 mm precipitation.	Moderate Breeze 7 m/s from south-east 0 mm precipitation.	Gentle Breeze 4 m/s from south-west 0 mm precipitation.	Light Breeze 3 m/s from south 0 mm precipitation.

Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
 - Income tax
 - VAT
 - PAYE
 - UIF
 - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
 - Companies
 - Close Corporations
 - Trust
 - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filing for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filing.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee & Co
ACCOUNTANTS

A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za

Gety tafels / Tide Tables

Dag / Day	High	High	Low	Low
9 October	0218	1429	0819	2045
10 October	0251	1501	0850	2115
11 October	0322	1531	0920	2143
12 October	0351	1601	0948	2210
13 October	0421	1629	1016	2237
14 October	0451	1658	1044	2305
15 October	0523	1728	1114	2335
16 October	0558	1801	1150	0013

BIZ LEGAL
OVERBERG Labour & Legal Solutions



LABOUR
MONTHLY RETAINERS

LEGAL
MONTHLY RETAINERS

TAX & ACCOUNTING
SERVICES

SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED TOGETHER.

WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR SERVICES

We offer comprehensive labour and related services for your business needs.

Our services include:

- Access to telephonic and e-mail advice regarding labour and human resources matters.
- Preparation of employment contracts and letters of appointment.
- Supplying disciplinary notices.
- Labour Normal with useful forms.
- Conducting disciplinary and irregularity hearings.
- Strike management.
- Facilitation of retrenchment procedures.
- Representation of the CCMA or bargaining councils.
- Drafting of labour litigation documents, and more.

TAX & ACCOUNTING

We offer comprehensive tax, accounting and related services for your business needs.

Our services include:

- Bookkeeping, incl. annual financial statements.
- Tax advice, incl. income tax, SARS returns, SARS related queries and more.
- Payroll administration.
- VAT, PAYE, UIF, SASSA, CIPC and Workman's compensation.
- Company registrations and all other CIPC queries.
- Clearance certificates and compliance, foreign and passport.
- UIF returns and claims.
- Statutory deregistrations.
- Import and export licenses, and more.

LEGAL SERVICES

In addition to the standard labour services offered by our company, our professionals assist clients in managing contractual disputes with suppliers, distributors and customers, and liability, rental disputes, debt collection, and so much more.

Our services include:

- Access to telephonic and e-mail advice regarding civil and commercial matters.
- Consultations with potential witnesses of our associated business.
- Drafting of letters of demand.
- Drafting of commercial contracts.
- Assistance with contractual disputes.
- Cost litigation in the courts and arbitration forums.
- Debt collection.
- General legal advice and more.

CONTACT US TO FIND OUT MORE:

3 Rega Street
Gansbaai

56 Barnard Street
GANSBAAI

076 576 9225

066 231 8831

When: Tuesday - Friday: 08:00 - 17:00

When: Friday: 08:00 - 17:00

When: Saturday: 08:00 - 17:00

When: Sunday: 08:00 - 17:00

Radio upgrade to improve Hangklip emergency response

CapeNature and Overstrand Municipality will install a small radio repeater near Hangklip Peak as part of an upgrade to the region's radio communication network. The repeater will strengthen communication networks used by both organisations and improve coverage across the Overstrand municipal area, Kogelberg Nature Reserve, Betty's Bay Marine Protected Area and parts of the City of Cape Town.

Reliable radio communication is essential for the daily operations of CapeNature staff, municipal law enforcement, and fire and rescue services. The upgraded network will be particularly valuable during wildfires and other emergencies, enabling response teams to communicate and coordinate more effectively in mountainous areas where radio coverage can be limited.

CapeNature and Overstrand Municipality recognise the environmental and visual sensitivity of Hangklip Mountain and have taken steps to keep the installation's impact to an absolute minimum. The repeater will be installed on CapeNature-managed land near Hangklip Peak, positioned just below the



skyline to limit its visibility. The compact structure will measure approximately 1 200mm by 700mm by 500mm and will be painted green to blend into the surrounding landscape.

Due to the small scale of the infrastructure, the installation does not require an Environmental Impact Assessment or Basic Assessment. The repeater will be solar-powered and fireproofed. It will be positioned on exposed rock and securely bolted in place, ensuring that no vegetation needs to be cleared or disturbed. All equipment will be transported to the site by helicopter, avoiding the need to create access routes through sensitive vegetation. The helicopter will not land at the installation site.

The improved communication network will support more effective emergency responses and help protect personnel, residents, visitors and the surrounding natural environment. CapeNature and Overstrand Municipality thank the Pringle Bay and broader Hangklip communities for their understanding and support during the installation of this important public-safety infrastructure.

CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn

MENU

NOSTALGIC FLAVORS. FRESHLY MADE -
HOME-COOKED MEALS & TAKEAWAYS

Open Hours
Monday-Saturday
10 AM - 9 PM

0628731193

BREAKFAST

FARM BREAKFAST R60
2 EGGS, 2 BACON, SAUSAGE & 2 TOAST

TOASTED SANDWICHES

SERVED WITH YOUR FAVORITE FILLINGS:

- HAM & CHEESE R30
- HAM, CHEESE & TOMATO R35
- CHICKEN MAYO R40
- BACON, CHEESE & EGG R45
- BAGUETTE R65

CLASSIC MEALS

RUSSIAN & CHIPS

- FOOTLONG R55
- SHORT R45
- CHEESE R40

CHICKEN STRIPS & CHIPS R65
CALAMARI STRIPS & CHIPS R85
CHIP ROLL R35

BASKETS

CHICKEN BASKET

FOR 1 R120
FOR 2 R190

• INCLUDES: MURGETS, POPS, BBQ WINGS, CHICKEN STRIPS, CHIPS & SAUCE

MEATY BASKET

FOR 1 R140
FOR 2 R220

• INCLUDES: COCKTAIL RUSSIAN, BBQ RIBS, COCKTAIL MEATBALLS, BBQ STEAK STRIPS, CHIPS & SAUCE

BURGERS

SERVED WITH CHIPS

- BEEF** R85
JUICY BEEF PATTY WITH LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE
- CHEESE/BEEF** R90
BEEF PATTY, MELTED CHEESE, LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE
- CHEESE & BACON BEEF BURGER** R105
BEEF PATTY, BACON, CHEESE, LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE
- CHEESE, BACON & EGG BEEF** R110
BEEF PATTY, BACON, CHEESE, LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE
- CHICKEN** R65
CRISPY CHICKEN PATTY WITH LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE
- RIB** R75
BBQ RIB MEAT WITH LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE

ADD EXTRA'S

- MUSHROOMS R5
- CHEESE R5
- BACON R10
- EGG R5
- EXTRA PATTY R15

CHIPS

- SMALL R30
- MEDIUM R45
- LARGE R65

SAUCE

- CHEESE R15
- PEPPER R15
- MUSHROOM R15

Special DISHES

HOMEMADE MEAL OF THE DAY

Monday-Thursday

ORDER BEFORE 13:00
ONLY R75.00 PER PLATE

CURIOUS WHAT'S COOKING?
GIVE US A CALL TO FIND OUT
THE MEAL OF THE DAY AND
PLACE YOUR ORDER!

HOMEMADE GOODNESS,
READY FOR YOU.

Gansbaai Posduifklub: Prieska OPE en Jong Duiwe-wedvlugte

Die wedvlugte, OPE en Jong Duiwe, vanaf Prieska op 4 Oktober 2026, was weer vol opwinding vir die duiweboere. Germishuys Hokke het die OPE-wedvlug ingepalm en Fourie Lofts die Jong Duiwe-wedvlug.



An-Marie Germishuys van Germishuys Hokke en Marisca Fourie van Fourie Lofts.

Uitslae:

Ope duiwe:

Germishuys Hokke - 1, 4, 5, 11, 19; J&J Swart - 2, 6, 7, 14, 16, 22, 23; Louis Groenewald - 3, 9, 17, 20, 24, 25, 26; Fourie Lofts - 8, 10, 12, 15, 21; N&N Stevens - 13, 18.

Jong duiwe:

Fourie Lofts - 1, 10, 11, 12, 20, 25; Germishuys Hokke - 2, 4, 7, 14, 17, 22; N&N Stevens - 3, 6, 16; J&J Swart - 5, 8, 18, 21, 23; Louis Groenewald - 9, 13, 15, 24; Human Loft - 19, 26.

Vir Posduif-navrae kan Marisca Fourie by 081 458 3878 gekontak word.
(Foto & uitslae: Marisca Fourie)

Hardus Botha

Office
National

Contact us to order your
Personalised Rubber Stamps.
We offer an on-site service



028 313 0003

22 Arum Street, Industrial Area,
Hermanus 7200

hermanus@officenational.co.za

www.hermanusofficenational.co.za

Pienk rolbaldag vir Borskanker



Die 'Pienk-rolbalspelers.

Oktober is nie net C. Louis Leipoldt se mooiste, mooiste maand nie - dit is ook tradisioneel Borskankermaand. Franskraal Rolbalklub het op Donderdag 1 Oktober 2026 weer hul jaarlikse Borskankerdag ten bate van Reach for Recovery (R4R) aangebied - met die rolbalspelers wat gesellig in pienk geklee was. "Ons ondersteun R4R 100% om hul goeie werk te kan voortsit," het die rolbalklub se president, Lani Swart, gesê. "Met vandag se poging is R2 420 ingesamel - danksy die skenking van pryse vir die winners deur De Wet Gilomee van GBay Deli."

Dertig mense het aan die rolbaldag deelgeneem - 10 spanne, elk met 3 posisies: Skip, 2de en Lei. Die verdeling was soos volg: 10 x Skips, 10 x 2de's en 10 x Leie, met drie prysweners in elke posisie. **Die winners:** *Skips - 1ste Marlene Van Rooyen, 2de

Michael Swart en 3de Charl Conradie; *2de's - 1ste Elra Le Roux, 2de Adri Greve en 3de De Wet Gilomee; *Leie - 1ste Gerrit Cloete en Maryke van Rensburg (gelykop) en 3de Kobus Geyser. Die gebruiklike (en gewilde!) 'Spin Wheel'-wenner was Johan Wiese.

Onthou van R4R Gansbaai se Woensdagmiddagstappies (gratis), onder leiding van Annaleen Genade. Met die ter perse gaan van hierdie berig was die eerste stap reeds agter die rug. Wat nog wag, is: 14 Oktober (RSVP teen 8 Oktober); 21 Oktober (RSVP teen 15 Oktober); en 28 Oktober (RSVP teen 22 Oktober). Die staptipe is 17:30 vir 18:00, met die begin- en eindpunt by die Franskraal-parkeerarea.

"Daar sal weeklikse geskenkies en geluktrekkings wees, met donasies wat tussendeur opreg waardeur sal word," vertel Annaleen. "Die kleredrag is prettige pienk drag." Daar sal elke week voor die stap 'n bewusmakingsonderwerp oor R4R aangebied word. Met die laaste stap op 28 Oktober 2026 stap die deelnemers tot by die Franskraal Rolbalklub vir die afsluiting met boereworsrolle en die trekking van die groot prys - 'n rit saam met Marine Big 5 Tours ter waarde van R4 680 vir twee persone. Die geluktrekkings vir die kwilt (lootjies @ R20), asook vir die vrugtekoek (lootjies @ R10), sal ook dan plaasvind. Annaleen se WhatsApp-nommer is 072 523 0650. Kom ondersteun gerus hierdie fondsinsamelingspoging ten bate van borskankerbewustheid en R4R.

Hardus Botha



Wenners vir 'Best Pink Dress': Pieter van Dyk, Annaleen Genade, Lorette Sieg, Antionette Jooste en Marlene van Rooyen.



Antionette Jooste, Stefanie Swanepoel en Annaleen Genade.



Gerrit Cloete, De Wet Gillomee, Adri Greeve, Marlene van Rooyen en Maryke van Rensburg.



De Wet Gillomee (borg), met Elra le Roux en Michael Swart.



Charl Conradie, De Wet Gillomee en Kobus Geyser.



'Spin Wheel'-wenner Johan Wiese, met Antionette Jooste by hom.

Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637





Gans-Berg Nuis/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraai, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford



We stock a wide variety of Kingsley's beverages which are available for walk-ins & bulk for business.

11 Arum street, Industrial Area, Hermanus, 7200

064 037 1877
kingsleyhermanus23@gmail.com

Mieke Groenewald (10) steel die Galjoenkompetisie se kollig



Na afloop van die kompetisie het emeritusleraar ds Dirk van Dyk die prysuitdeling met gebed geopen. Fanie Bothma, voorsitter van die NGK se Bediening Entrepreneurs, het almal verwelkom en kortliks die doel van die kompetisie verduidelik. Die Bediening Entrepreneurs is oorhoofse verantwoordelik vir verskeie projekte, waaronder die Galjoenprojek, met Riaan Booysen as leier en hooforganiseerder. Riaan en sy eggenote, Judith, het die pryse oorhandig. Fanie het ook verduidelik dat die opbrengs van die dag aangewend word vir Herberg aan See en ander projekte. Pryskategorieë was volop: ses vir die spanne en ses vir individuele inskrywings - glad nie te versmaai nie!

Uitslae

***Grootste galjoen:** Die 10-jarige junior, Mieke Groenewald, het die grootste galjoen gevang - 'n vis van 47cm en die prysgeld van R1 000 gewen. Sy het ook die pryse vir Dameskampioen en Junior o/13 ingepalm en dus drie pryse losgeslaan!

***Spanwenners:** Heinrich Lourens, Carel Lourens, Danie Vermeulen en Riaan Thiart het die prysgeld van R3 000 gewen met die agt grootste galjoene wat hulle ingepalm het.

***Grootste individuele deelnemer in 'n span:** Allan Tobias het die prysgeld van R1 000 gewen.

***Grootste ander tipe vis - individuele deelnemer:** Willie Jacobs van De Kelders het 'n steenbras van 67,5cm gevang en die prysgeld van R500 gewen.

***Grootste ander tipe vis - deelnemer in 'n span:** Sersant Jeffery Arendse het 'n mosselkraker van 68,5cm gevang en die prysgeld van R500 gewen.

Die NG Kerk se jaarlikse Galjoenkompetisie, wat op Saterdag 26 September 2026 plaasgevind het, is deur die organiseerder, Riaan Booysen, as die beste in vyf jaar bestempel - met verwysing na die aantal deelnemers én die aantal galjoene wat gevang is. In totaal was daar 17 spanne, met vier hengelaars in elke span, wat die getal hengelaars in die spanne op 68 te staan bring. Daar was ook 34 individuele inskrywings, wat die totale aantal deelnemende hengelaars op 102 te staan bring - 'n fantastiese getal! "Verskeie galjoene is losgelaat nadat dit gemeet is en foto's geneem is, met 'n leerder van Gansbaai Primêr wat prysgeld ontvang het vir die meeste galjoene wat losgelaat is." Die verrassing van die dag was die junior o/13, Mieke Groenewald (10), wat die gesoute hengelaars behoorlik laat opsien het. Mieke het drie pryse losgeslaan: Grootste Galjoen, Dameskampioen én Junior-kampioen. Welgedaan, Mieke!



Riaan bedank graag die borge: Jacques Haasbroek (hoofborg), Marine Dynamics, Dyer Island Conservation Trust, Gansbaai Apteek (Arrie Nel), Re/Max Eiendomme, Eeden Eiendomme en SEEF Eiendomme, asook die talle ander borge waarsonder die kompetisie nie sou kon plaasvind nie.

Hardus Botha

